Soos gepubliseer in "Die Pendoring" van Dankbaar CVO (Maart 2008):

Wie is ons en waar wil ons heen?

In elke organisasie of beweging is dit nodig om op gereëlde maat te vra wie is ons en waar wil ons heen? Sommige van die pas verskynde boekies het hierdie vraag beklemtoon!

Ons bedoeling was nooit en wil ook nie nou, bloot ‘n alternatief vir die staat wees nie! Anders gestel: ons is **vir** Calvinisties Christelike, Volkseie Onderwys van uitnemende gehalte. Noodwendig is ons daarom teen die staatsmasjinerie se materiaal en metodes, maar dit is nie wie ons is nie. Ons bestaan dus nie omdat ons teen die staat se onderwys is nie, ons bestaan omdat ons ‘n Christelike roeping het en dit binne ons eie Volk.

Wanneer ons dit vergeet, het ons ons bestaansreg verloor! Daarom is dit goed om te beklemtoon wat voor in elke boek geskryf is oor etos. Help ons asseblief ouer en onderwyser.

Sien die groot prentjie waarin ons ‘n ou klein deeltjie is. Daar is soveel invloede van buite ons skole waarna ook ons kinders, ouers en onderwysers luister en kyk. As ons nie daarop bedag is nie, kan ons so maklik ingesluk word. Daar is so ‘n geweldige aanslag téén dit wat vir ons so kosbaar is!

Wees opnuut bewus van die verskille sodat u dit kan uitken. Kom ons vat die leermetodes kortliks saam ter wille van weer onthou, en as ons kinders dit ook kan verstaan soveel beter.

Uitkoms gebaseerde onderwys (UGO) se groot kenmerk is eintlik dat niemand mag weet waarheen is ons oppad nie. Bietjie meer akademies gestel: UGO is per definisie, nie definieerbaar nie. Dr. Bray van Kanada wat hier in die ontstaansjare van UGO die owerheid se amptelike raadgewer was, verduidelik UGO so in ‘n toespraak wat hy aan genooides te UNISA gelewer het. Hy sê dit is soos ‘n onderwyser wat met ‘n kind aan die hand in die gang van die skool afstap, nie die kind nie, maar ook nie die onderwyser weet waar die paaitjie heen loop nie!

Hierdie metode leer dat die kind gebore word met ‘n sekere potensiaal. Daar moet net vir hom ‘n aangename leeromgewing geskep word sodat hy/sy al ondersoekende sy eie potensiaal ondek. Daarom noem hulle hom ‘n Leer***der*** en nie ‘n Leer***ling*** nie. ‘n Leerling is iemand wat sit en luister na sy leermeester wat hom juis moet voer met kennis wat hy/sy nie het nie. Hierdie kennis moet so ingedril word dat dit sy eie word. Daarom noem ons dit ***kennis gedrewe onderwys.***

In UGO is die leerder self sy eie norm. Hy beskik dan reeds oor die kennis, hy moet dit net ontdek/verder ontwikkel. Daarom kan nie aan die kind(leerder) voorgeskryf word nie, hy moet net begelei word. Hy word ook nie (GE)evalueer nie, maar (GE)assesseer. Hoe kan jy hom evalueer, hy is dan die norm! Jy kan net assesseer om vir hom te sê hoe goed jy dink het hy homself ontdek.

Die Woord leer ons as verbondskinders dat ons van na die sondeval net genoeg goed in onsself oorgehou het dat ons ons nie kan verontskuldig nie (art 14 NGB). Die potensiaal wat ons moet ondek, is ons sondigheid!

Ek moet juis geleer word en wie my ook al leer, moet baie seker wees hy weet juis waar gaan hy met my heen: na God toe! Ook deur die wiskunde en fisika! Dit is wat die Woord ons leer.

BCVO Groete

Gideon Grobler